



KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS  
GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL  
JUNIE EKSAMENS 2019  
VRAESTEL 1 – TAAL ,BEGRIPS,OPSOMMING .

GRAAD : 11  
EKSAMINATRISE : P.SINGH  
MODERATOR : S.R.PANDAY

DATUM : 29/5/19  
PUNTE : 80  
TYD : 2 uur

.....  
 Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye .

INSTRUKSIES :

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings .  
Afdeling A : Leesbegrip (30)  
Afdeling B : Opsomming (10)  
Afdeling C : Taal (40)
2. Beantwoord AL die vrae .
3. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy .
4. Skryf netjies en leesbaar .
5. Beplan jou tyd so :  
Afdeling A : 50 minute .  
Afdeling B : 30 minute .  
Afdeling C : 40 minute .

AFDELING A LEESBEGRIP

VRAAG 1 Lees die onderstaande stuk en beantwoord die vrae wat volg .

## WEES VERSIGTIG VIR DIE DWELMMONSTER!

- 1 Elvis Johnson\* was 'n dwelmverslaafde. Tog het hy daarin geslaag om sy verslawing te oorwin. Hy het vier jaar lank dwelms gebruik, maar is nou al 'n jaar skoon. Hier vertel die 19-jarige Elvis sy verhaal.
- 2 Toe ek 'n kind was, het ek, net soos ander kinders, ook planne vir my toekoms gehad. Dit was nooit my droom om 'n dwelmverslaafde te wees wanneer ek groot is nie. Dit was definitief nie deel van my toekomsplanne nie; tog het dwelms en alkohol my drome verwoes. Ek het al op 13-jarige ouderdom begin drink. Die jaar tevore het ek begin rook. Toe ek die eerste keer op 14-jarige ouderdom dwelms gebruik het, is 'n verslaafde gebore.
- 3 Dit was een naweek tydens 'n partytjie toe my "beste vriend" my omgepraat het om *cat* uit te toets om my te laat ontspan. *Cat* word van methcathinone gemaak, wat 'n baie sterk stimulant is. Baie gou moes ek elke dag *cat* gebruik om goed te funksioneer. Ek kon nie meer daarsonder klaarkom nie. Saans kon ek nooit aan die slaap raak as ek nie êrens in my kamer genoeg *cat* vir die volgende dag weggesteek het nie. Die gebruik van *cat* het ook my eetlus beïnvloed. Wat begin het as "naweekpret", het in 'n leefwyse verander.
- 4 Soggens, voordat ek universiteit toe gery het, moes ek *cat* gebruik. As ek enigiets voor my studentevriende moes doen, soos byvoorbeeld 'n toespraak lewer, moes ek voor die tyd eers weer *cat* gebruik. Dit het my die selfvertroue gegee wat ek nooit as skoolkind gehad het nie en het my laat voel asof alles perfek is.
- 5 Maar dit was 'n leuen.
- 6 *Cat* het van my 'n eensame mens gemaak. Ek het in 'n donker wêreld geleef. Die enigste ander bewoners van hierdie geheime wêreld was ander dwelmverslaafdes. My geduldige ouers het agtergekóm iets was fout en het met my daarvoor probeer gesels. Ek het egter nooit teenoor hulle erken dat ek 'n dwelmprobleem het nie.
- 7 My ouers het my na verskillende rehabilitasiesentrums gestuur om my te help om my dwelmverslawing te oorkom. Hierdie pogings het vier keer misluk. Toe my ouers nie meer die leuens, die aggressiewe gedrag, die vloektaal en diefstal van hulle geld en ander besittings kon verduur nie, het hulle na die polisie toe gegaan. Ek is in hegtenis geneem en moes in die hof verskyn. As deel van my straf, moes ek nege maande lank na 'n rehabilitasiesentrum toe gaan. Terwyl ek daar was, het ek baie min kontak met my gesin gehad. Eers na vier maande kon my ouers 'n uur lank op 'n keer by my kom kuier.

- 8 Dié negte maande lange rehabilitasie was die moeilikste, maar die beste ding wat nog ooit met my gebeur het. Ek is nou weer die ou Elvis Johnson en is vasbeslote om nooit weer na my slegte gewoontes terug te keer nie.
- 9 As ouers die tekens van dwelmverslawing ken, kan hulle hulle kinders vroeër help. Een teken is byvoorbeeld wanneer jou verslaafde kind sê: "Ma, mag ek asseblief R200 of R250 vir 'n roomys kry?" Dit is wat dwelms kos. 'n Tweede teken is wanneer jou kind gedurig snuif en vir jou sê dat hy maar net 'n verkoue het. Jy weet egter dit is nie waar nie.
- 10 Dwelmverslawing lei uiteindelik na een van drie plekke: 'n rehabilitasiesentrum, die tronk of 'n lykshuis. 'n Dwelmverslaafde is nie 'n slegte mens nie. Dis 'n normale mens met ideale, maar iemand wat in 'n oogwink die verkeerde ding gedoen het. Van daardie oomblik af verander sy/haar lewe. Hoe gouer die persoon hulp kry, hoe beter. Met ondersteuning van ouers en die dwelmverslaafde se eie wilskrag is dit moontlik om te herstel.

\* Nie sy regte naam nie.



[Uit: www.google.com]

VRAE :

- 1.1 Die sosiale probleem wat in die stuk verskyn is( geweld , misdaad, dwelms )(1)
- 1.2 Watter EEN word in par. 1 sê vir jou dat daar nie meer tekens van dwelms in Elvis se liggaam is nie . (1)
- 1.3 Verduidelik hoekom die skrywer die metafoor " monster " gebruik om dwelms te beskryf . (1)
- 1.4 Elvis se " beste vriend " in par . 3 .
- 1.4.1 Was hy /sy rerig Elvis se beste vriend ? Sê Ja /Nee en motiveer jou antwoord . (1)
- 1.5 Rangskik die gebeurtenisse in Elvis se lewe in die regte volgorde . Skryf net die nommer en die antwoord in die regte volgorde neer .bv. 1.5 D,E,F.
- A. Hy het begin drink .
- B. Hy het dwelms begin gebruik .
- C. Hy het begin rook . (1)
- 1.6 Kies die korrekte antwoord :

Blaai om..... bl. 4

" Ek kon nie meer daarsonder klaarkom nie ," beteken :

- A. Elvis was klaar met dwelms .
- B. Elvis kon nooit saans slaap nie .
- C. Elvis kon nie sonder dwelms funksioneer nie .
- D. Cat het Elvis gehelp om al sy Universiteit werk klaar te kry . (1)

1.7. Voltooi deur EEN word in te vul :

\ Cat het Elvis .....op Universiteit gegee wat hy nooit as kind gehad nie .(1)

1.8. Wat is "naweekpret" volgens Elvis ? (1)

1.9. Elvis het onmiddellik aan dwelms verslaaf geraak . Haal 'n SIN uit par. 2 aan om hierdie stelling te motiveer . (1)

1.10. 'Ek het in 'n donker wêreld geleef ' par. 6

1.10.1 Verduidelik die figuurlike betekenis van " donker " (1)

1.11. " Elvis Johnson " is nie die seun se korrekte naam nie . Hoekom dink jy het die skrywer nie sy korrekte naam gebruik nie ? (1)

1.12. Noem 2 moontlike plekke waar 'n dwelmverslaafde kan beland . (2)

1.13. Watter 2 dinge volgens par .10 help 'n verslaafde om gou beter te voel ?(2)

1.14. Sê hoekom die volgende stelling ONWAAR is .Motiveer in jou eie woorde . Slegte ouers was die oorsaak van Elvis se dwelmprobleem . (1)

1.15. Wat dink jy is Elvis se boodskap aan jong mense ? (1)

1.16. Kyk na die prent . Hoekom is Elvis se altwee hande in die lug . (2)

1.17. Wat is die een teken van dwelmverslawing wat in par .9 verskyn ? Gebruik jou eie woorde . (1)

(20)

## VRAAG 2


VISUELE TEKS . Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg .



**BRON: STATISTIEK SUID-AFRIKA**

VRAE:

2.1 Watter aanlyn winkel het die grootste persentasie marktaandeel? (1)

2.2 Watter winkel word voorgestel deur  (1)

2.3 Kies die korrekte antwoord tussen hakies:

Exclusive Books het 'n (groter, kleiner) marktaandeel as Amazon. (1)

2.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die korrekte letter neer

Blaai Om.....bl. 6

2.4.1 Jy kan die volgende toerusting by Sportmans Warehouse koop :

A. Boeke B. Sokkerballe C. Beddegoed D. Kruideniersware . (1)

2.5. Kies die korrekte antwoord . Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer .

2.5.1 Mense gebruik aanlyn winkels om inkopies te doen , want :

A. hulle wil by hulle vriende spog .

B. dis maklik en bied jou keuses van produkte .

C. die pryse is goedkoper as in die gewone winkels .

D. die produkte is een van 'n beter kwaliteit . (1)

2.6 Verduidelik wat " aanlyn " beteken . (1)

2.7 Watter 2 winkels het dieselfde persentasie markaandeel . (1)

2.8 Waarom is hierdie teks beter as 'n geskrewe teks . (1)

2.9 Volgens die grafiek het Mr . Price die (minste , meeste ) aanlynverkopers (1)

2.10 Sê hoekom die volgende stelling WAAR is . Al die inligting in die grafiek is akuraat . (1)

(10)

BEGRIPS TOTAAL : 30

## AFDELING B OPSOMMING

### VRAAG 3

1. Lees die onderstaande artikel noukeurig deur .
2. Som SEWE hoofgedagtes in verband met die artikel in 70 woorde op.
3. Skryf elke hoofgedagte in 'n goeie volsin neer .
4. Skryf jou sinne puntsgewys van nr.1 tot nr. 7
5. Moenie direk uit die teks oorskryf nie . Skryf jou eie sinne .
6. Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan .
7. Moenie meer as 70 woorde skryf nie .

### WATER IN BOTTELS DIKWELS NIE GESOND NIE .

1. Al wat leef en beef loop deesdae met 'n botteltjie water onder die arm , van atlete tot modelle tot kantoorwerkers . Vyftien jaar gelede was dit iets wat net onder superrykes mode was .
2. BMI Foodpack , 'n organisasie wat marknavorsing doen , het bevind dat altesame 149,3 miljoen liter gebottelde water in 2004 verbruik is teen 'n koste van 955,6 miljoen . Die verbruik daarvan neem jaarliks nog toe .

Blaai Om . . . . . bl.7



3. Water in 5 liter- houers word deur baie verbruikers gekoop , 'n aanduiding dat al hoe meer mense ook mineraalwater in die huis verkies . Suid – Afrika se top verkopers is , Aquelle ,Coca – Cola , Fruitime en Valpre .
4. Maar is mineraalwater werklik gesonder ? Nee , beslis nie ,se verskeie wetenskaplikes in die waterwereld . Volgens een van hulle is die sort water “dood”.Die filtreringsmeganismes wat gebruik word om in dit veilig te maak vernietig al die goeie elemente soos kalsium , koper , fosfor en sink in die water .
5. Mnr. Danie Eloff van Aquahealth stem hiermee saam .” Gebottelde water is nie die oplossing nie en dit is geensins gesonder nie . 'n Mens moet onthou dis 'n sakeonderneming onder die vaandel van gesondheid .
6. Maar me. Charlotte van die South African Bottled Water Association se die gehalte van kraanwater in Suid- Afrika verskil baie . Die feit dat cholera en diarree gereeld uitbreek , is 'n bewys dat plattelandse gebiede se water nie skoon genoeg is nie , sê sy .
7. Daar is groot verskille tussen natuurlike mineraalwater en kraanwater . Mineraalwater kom, byvoorbeeld , uit berskermdede ondergrondse bronne en dit smaak anders . Kraanwater kom van oppervlak waterbronne en word maklik besmet .

VERWERK UIT : RAPPORT .

*Tot 10*

AFDELING C TAAL

VRAAG 4 Die Taalvrae wat volg is op die strokiesprent hieronder gebasseer .



[Uit: Beeld, Maart 2010]

*Blaai Om . . . . . bl. 8*

## Bl. 8

- 4.1 Gee EEN woord vir die woord tussen hakies .  
4.1.1 Die (groen , rooi , swart ,oranje ) van die rokke maak Helga verwar . (1)
- 4.2 Kyk na Rampie 3 .  
4.2.1 Hoe weet jy deur Hagar se liggaamstaal dat hy begin moeg word . (1)
- 4.3 Skryf die Verkleinwoord van die woord tussen hakies .  
4.3.1 Hagar drink 'n (bier ) terwyl Helga aantrek . (1)
- 4.4 Skryf die Volgende sin in die Indirekte Rede :  
4.4.1 "Helga ! Is jy amper klaar ? "  
Begin so : " Hagar vra vir Helga ..... (1)
- 4.5 Kies die korrekte antwoord .  
4.5.1 Kyk na Rampie 6  
Helga se gesigsuitdrukking se vir ons dat sy (ontsteld , onseker , ontevrede)is. (1)
- 4.6 Skryf die volgende sin in die Toekomstige Tyd .  
4.6.1 Vrouens vat altyd lank om aan te trek . (1)
- 4.7 Skryf die Intensiewe Vorm van die woord tussen hakies .  
4.7.1 Helga pas al haar( mooi) rokke aan . (1)
- 4.8. Skryf die sin in die Ontkennende Vorm .  
4.8.1 Helga sal êrens die regte rok vind . (1)
- 4.9 Verander die volgende Stelsin na 'n Vraagsin .  
4.9.1 Helga soek na die perfekte rok vir haar aand . (1)
- 4.10 Kies die korrekte antwoord .  
4.10.1 "Vrouens vat altyd lank om aan te trek !" is 'n voorbeeld van (stereotipering , manupilasie , konnotasie .) (1)




(10)

### VRAAG 5

Die Taalvrae wat volg, is op die Resensies hieronder gebaseer . Skryf net die korrekte antwoord langs jou nommer .

Blaai Om . . . . . bl. 9



MEER AS 'N GOEIE STORIE ...		
Resensie 1	Resensie 2	Resensie 3
<p><b>SPOGRESEPTTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VROUELANDBOU-UNIE</b> (LAPA Uitgewers, R225)</p>  <p>(5.1) 'n Mooi kookboek laat 'n mens se mond <u>water</u>! Die Suid-Afrikaanse Vrouelandbou-unie (SAVLU) het vir hulle 80<sup>ste</sup> verjaarsdag 'n nuwe resepteboek saamgestel. (5.2) Die kook-idees in dié boek is <u>nuut</u>. (5.3) Hierdie boek is by 'n vergadering vinnig vanjaar saamgestel. Dit het die (5.4) <u>pragtigste (foto)</u> en die lekkerste resepte in. Daar is altesaam 205 resepte, alles van gewone etes tot spesiale geleenthede. Jy móet die boek koop! (5.6)</p>	<p><b>EN EK KAN NIE OPHOU KYK NIE – SEAN BRAND</b> (One Minute Trolley Dash, R285)</p>  <p>(5.7) wie is Sean Brand Sean Brand is 'n beroemde rock-n-roll-fotograaf. (5.8) Met sy kamera wys hy hoe Suid-Afrika se musiekgroepe regtig lyk. (5.9) Jy sal ... oë nie glo nie!</p>	<p><b>KOS VIR DIE KENNER – C LOUIS LEIPOLDT</b> (Human &amp; Rousseau, R230)</p>  <p>Baie kosskrywers sal weet dat C Louis Leipoldt ook resepteboeke geskryf het. Elke (5.10) <u>vrou</u> van die Vrouelandbou-unie wil soos C Louis Leipoldt wees. (5.11) Hy is met groot respek deur die <u>ander sjefs</u> behandel. (5.12) Hy het 'n boek geskryf (in + wat) meer as 'n 1 000 van sy resepte verskyn. Dit sluit alles van die kookkuns in. (5.13) Baie kosskrywers was opgewonde toe Leipoldt hierdie boek ytgegee het. (5.14) Dit maak nie saak dat daar geen prente is nie – sy beskrywings en kort resepte is maklik om te volg.</p>

[Verwerk uit *Taalgenoot*, Lente 2011]

- 5.1 Gebruik die onderstreepte woord in 'n ander sin sodat dit 'n Selfstandige Naamwoord (noun) is.
- 5.1.1 'n Mooi kookboek laat 'n mens se mond water. (1)
- 5.2 Skryf die Antoniem van die Onderstreepte woord.
- 5.2.1 Die kook idees in die resepteboek is nuut. (1)

Blaai Om ..... bl. 10

- 5.3 Skryf die volgende sin in die korrekte Woordorde .  
 5.3.1 Hierdie boek is ( by 'n vergadering , vining, vanjaar ) saamgestel . (1)
- 5.4 Gee 'n Sinoniem vir die onderstreepte woord :  
 5.4.1 Dit het die pragtigste foto en die lekkerste resepte in . (1)
- 5.5 Skryf die Meervoud van die onderstreepte woord .  
 5.5.1 Dit het die pragtigste foto en die lekkerste resepte in . (1)
- 5.6. Skryf die Infinitief van die volgende sin . Begin soos aangedui :  
 5.6.1 Leipoldt moet die boek saamstel !  
 Leipoldt behoort ..... (1)
- 5.7 Skryf die sin oor en vul die korrekte Skryfteken en Leesteken in .  
 5.7.1 wie is Sean Brand (2)
- 5.8 Skryf die Afkorting van die onderstreepte woord .  
 5.8.1 Met sy kamera wys hy hoe Suid – Akrika se musiekgroepe regtig lyk . (1)
- 5.9 Voltooi die sin deur die korrekte Voornaamwoord in te vul .  
 5.9.1 Jy sal \_\_\_\_\_ oë nie glo nie . (1)
- 5.10. Gee die Teenoorgestelde Geslag van die onderstreepte woord.  
 5.10.1 Elke vrou wil soos Louis Leipoldt wees. (1)
- 5.11 Stel 'n Vraag waar die onderstreepte gedeelte die antwoord is .  
 5.11.1 Hy is met groot respek deur die sjefs behandel . (1)
- 5.12 Skryf die korrekte Betreklke Voornaamwoord tussen hakies .  
 5.12.1 Hy het 'n boek geskryf (in+ wat ) meer as 'n 1000 van sy resepte verskyn . (1)
- 5.13 Skryf die volgende sin in die Verlede Tyd .  
 5.13.1 Dit sluit alles van die kookkuns in . (2)
- 5.14 Verbeter die onderstreepte Spelfout in die volgende sin .  
 5.14.1 Baie kosskrywers was opgewonde toe Leipoldt hierdie boek ytgegee het (1)
- 5.15 Skryf die Lettergreep van die volgende woord :  
 5.15.1 resepte (1)

(17)

VRAAG 6

Die volgende Taalvrae is op die onderstaande prent gebaseer .



Blaai Om ..... bl. 11

6.1 Kies die korrekte Werkwoord .

6.1.1 Hy kan nie (glo , belowe ) dat mense so snaaks kan wees nie. (1)

6.2 Skryf die Voorsetsel om die sin te voltooi :

6.2.1 Die mense hardloop \_\_\_\_\_ veiligheid . (1)

6.3 Kies die korrekte Homofoon .

6.3.1 Piet wil net die dag (vuur , vier ) want hy het sy salaris gekry . (1)

6.4 Skryf die korrekte Deelwoord van die onderstreepte woord .

6.4.1 Almal lyk bang vir die loop vrou . (1)

6.5 Kies die korrekte Uitroepe :

6.5.1 Die mense in die tweede prent skree : " \_\_\_\_\_ ! Ek kan dit nie glo nie "

A. Vervlaks      B. Siestog      C. Allawêreld      D. Eina . (1)

6.6 Skryf die Vergrotende Trap van die onderstreepte woord .

6.6.1 Hierdie vrou is dapper as die man in die tou . (1)

6.7 Kyk na rampie 1 . Vervang 'al' met 'alhoewel' .

6.7.1 Die mense staan by die OTM al is hulle senuweagtig . (1)

(7)

VRAAG 7 Die Taalvrae wat volg is op die prentjie gebasseer .Kies die korrekte antwoord van die blokkie uit .



Blaai Om . . . . . bl.12


kuier haar swaer	besoek lughawe lighawe	vakansie klere kleure	vliegtuig loodswaar vleegtuig
------------------------	------------------------------	-----------------------------	-------------------------------------

- 7.1.1 Die Gumedede gesin gaan met .....
- 7.1.2 Die taxi het hulle by die .....afgelaai .
- 7.1.3 Hulle gaan by familie in Kaapstad .....
- 7.1.4 Hulle reis per .....
- 7.1.5 Al die gesin se ..... is in die tasse.
- 7.1.6 Tina se tas is ..... want sy het te veel klere gepak.

(6)

Totaal vir Taal : 40Groottotaal : 80

GREENBURY SECONDARY SCHOOL  
 DEPARTMENT OF LANGUAGES  
 H.O.D. MR'S R. PANDAY



Afdeling A

Vraag 1 Leesbegrip.

- 1.1. dwelms ✓<sup>1</sup>
- 1.2. 'skoon' ✓<sup>1</sup>
- 1.3. net soos 'n monster kan dwelms jou doodmaak } ✓<sup>1</sup>  
Dwelms is gevaarlik soos 'n monster
- 1.4. Nee, 'n Beste vriend sal jou nie in die verkeerde pad lei nie. ✓<sup>1</sup>
- 1.5. C A B ✓<sup>1</sup>
- 1.6. C ✓<sup>1</sup>
- 1.7. selfvertrou ✓<sup>1</sup>
- 1.8. partytjies waar daar gedrink / dwelms geneem word. ✓<sup>1</sup>
- 1.9. "Toe ek die eerste keer op 14-jarige ouderdom dwelms gebruik het, is 'n verslaafde gebore." ✓<sup>1</sup>
- 1.10.1. 'n wêreld waar hy ongelukkig, alleen en hopeboas was / 'n lewe waar hy nie sonder dwelms kan leef nie ✓<sup>1</sup>
- 1.11. Om hom te beskerm / sodat mense nie sleg van hom dink nie ✓<sup>1</sup>
- 1.12. tronk, 'lykhuis, 'rehabilitasiesentrum (enige 2) ✓<sup>1</sup>
- 1.13. ouers se ondersteuning, die verslaafde se wilskrag ✓<sup>1</sup>
- 1.14. Sy ouers het hom gehelp / ondersteun om sy verslawing oor te kom ✓<sup>1</sup>
- 1.15. dwelms is gevaarlik / bly weg van dwelms. (ander moontlikhede) ✓<sup>1</sup>
- 1.16. Hy is 'n wenner / vry van dwelms. (ander moontlikhede) ✓<sup>2</sup>
- 1.17. As 'n kind baie geld vra en sê hulle wil iets koop wat goedkoop is bv. roomys. ✓<sup>1</sup>



## Vraag 2 Visuele Teks.

2.1. takealot.com ✓

2.2. Mr. Price ✓

2.3. groter ✓

2.4. B. sokkerballe ✓

2.5. B ✓

2.6. Jy koop/bestel goed van winkel se webtuiste aan. Jy doen op jou rekenaar of selfoon en die goed word by jou huise afgelewer. ✓

2.7. Amazon en Mr. Price ✓

2.8. prente help jou om beter te verstaan / min om te lees! ✓

2.9. minste ✓

2.10. Die inligting kom van statistiek SA. ✓

(10)

## Afdeling B Opsomming. Vraag 3

1. Almal loop deesdae met gebottelde water.
2. Marknavorsing het gewys dat die verbruik van <sup>gebottelde</sup> water neem jaarliks toe.
3. Meer mense gebruik vyf liter-houers in hulle huise.
4. Wetenskaplikes sê dat gebottelde water is 'dood' want dit die goeie elemente is vernietig.
5. Mnr. Danie Eloff sê die water is nie gesonder nie en dis net 'n sakeonderneming.
6. Mev. Charlotte sê die water in <sup>die</sup> plattelande is nie skoon genoeg nie.
7. Die verskil tussen kraanwater en mineraalwater verskil baie.

(70)



## Vraag 6

6.1.1. glo ✓

6.2.1. na ✓

6.3.1. vier ✓

6.4.1. lopende ✓

6.5.1. C. Allawêreld ✓

6.6.1. dapperder ✓

6.7.1. Die mense staan by die OTM alhoewel hulle senuweagtig is. ✓

(7)

## Vraag 7

7.1.1. vakansie ✓

7.1.2. lughawe ✓

7.1.3. kuier ✓

7.1.4. vliegtuig ✓

7.1.5. kleie ✓

7.1.6. loodswaar ✓

(6)

Totaal vir Taal : 40

## Afdeling C Taal.

- 4.1.1. kleure ✓
- 4.2.1. Hy het sy kop op sy hand. ✓
- 4.3.1. biertjie ✓
- 4.4.1. Hagar vra vir Helga of sy klaar is. ✓
- 4.5.1. onseker ✓
- 4.6.1. Vrouens sal altyd lank vat om aan te trek. ✓
- 4.7.1. wondermooi ✓
- 4.8.1. Helga sal nêrens die regte rok vind. ✓
- 4.9.1. Soek Helga na die perfekte rok vir haar aand ✓
- 4.10. stereotipering ✓

(10)

## Vraag 5

- 5.1.1. Drink baie water elke dag. (ander moontlikhede) ✓
- 5.2.1. oud ✓
- 5.3.1. Hierdie boek is vanjaar vinnig by 'n vergadering saamgestel ✓
- 5.4.1. mooiste ✓ (moet in die oortreffende trap wees)
- 5.5.1. foto's ✓
- 5.6.1. Leipoldt behoort die boek saam te stel! ✓
- 5.7.1. Wie is Sean Brand? ✓
- 5.8.1. SA ✓ (geen punt nie)
- 5.9.1. jou ✓
- 5.10.1. man ✓
- 5.11.1. Deur wie is hy met groot respek behandel? ✓
- 5.12.1. waarin ✓
- 5.13.1. Dit sluit het alles van die kookkuns ingedruif. ✓
- 5.14.1. uitgegee ✓
- 5.15.1. re/sep/te ✓

(17)